Wes-Kaap Onderwysdepartemen[t]
Western Cape Education Departmen[t]
iSebe leMfundo leNtshona Kolo[ni]

Navrae / Enquiries / iMibuzo: M.J. COMER
Verwysing / Reference / Ubhekiso: 3/1/3/B
Telefoon / Telephone / iFoni: 403-6180

Kantoor van die / Office of the / i-Ofisi ye: Onderwyshoof
Privaatsak / Private Bag / Ingxowa eyoDwa: 9114
Dorp/Stad / Town/City / iDolophi/iSixeko: KAAPSTAD
Poskode/Postal Code / iKhowudi yePosi: 8000
Faks / Fax: 419-5967
Datum/Date / Umhla: 30 Junie 1998

AAN:

DIE SUPERINTENDENT-GENERAAL,
DIE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL,
ALLE HOOFDIREKTEURE,
DIREKTEURE, AREABESTUURDERS,
HOOFDE VAN SUBDIREKTORATE EN
AFDELINGS VAN DIE HOOFKANTOOR
EN AREAKANTORE

ONDERWYS FINANSIE-OPDRAG 0078/1998

BETALING AANGEBIED TER VOLLE EN FINALE VEREFFENING

1. Hierdie opdrag is ter aanvulling van Tesourie-instruksie J4.3.

2. Waar 'n skuldenaar 'n betaling aanbied as "volle en finale vereffening" van sy of haar rekening en sodanige betaling aanvaar word, word die skuldenaar van die geheel van sy/haar skuld onthef selfs indien dié betaling minder as die uitstaande skuld is.

3. Die aandag van die beampte verantwoordelik vir die ontvangs en deponering van staatsgeld (kassier) moet pertinent daarop gevestig word dat sulke betalings nie sonder meer aanvaar en gedeponeer moet word nie. Sou sulke betalings slegs gedeponeer word, kan dit tot gevolg hê dat skuld aan die Staat as verlies afgeskryf moet word. Persone wat ingevolge Tesourie-instruksie J5.1.1 skriftelik aangestel is om staatsgeld te ontvang, sal aanspreeklik gehou word vir verliese deur die Departement gely wanneer sodanige betalings aanvaar word.

4. Wanneer "volle en finale vereffening" betalings ontvang word, moet dit onmiddellik onder 'n senior beampte se aandag gebring word. Daar moet dan verseker word dat die bedrag wat aangebied word wel die volle skuld delg deur navraag te doen by die betrokke seksie. Indien die bedrag minder is as die totale uitstaande skuld moet dit nie aanvaar word nie, maar onmiddellik teruggestuur word onder dekking van 'n skrywe waarin die skuldenaar in kennis gestel word dat die voorwaarde van die betaling nie aanvaar kan word nie.

5 Indien die bedrag wat aangebied is foutiewelik gedeponeer word, moet dit in 'n afwagrekening gehou word. Die skuldenaar moet steeds onmiddellik per aangetekende pos in kennis gestel word dat die bedrag nie voorwaardelik aanvaar kan word nie. Hy of sy moet verder meegedeel word dat die geld in 'n afwagrekening geplaas is, hangende sy of haar instruksie of die geld terugbetaal moet word en of dit teen sy of haar skuld gekrediteer moet word. Dit moet ook duidelik gestel word dat die geld dadelik teruggestuur sal word, sou dit so verkies word. Indien die skuldenaar nie op die skrywe reageer nie, moet die geld teruggestuur word. Indien die betaling teruggestuur word, word rente op die volle uitstaande bedrag bereken totdat behoorlike betaling ontvang is.

6. Die inhoud van hierdie opdrag moet onder die aandag van alle persone gebring word wat gemagtig is om staatsgeld te ontvang. Areabestuurders is verantwoordelik vir die verdere verspreiding aan alle relevante persone.

DEPARTEMENTELE REKENMEESTER